8 Mei 2022

FAMILIE TUISBLAD

Openbaring 7:9-17

Scott Stapp, die hoofsanger van die bekende “band”, Creed, het tydens hulle toer in 1998 binne 15 minute die woorde van een van hul liedjies wat hulle eers in die jaar 2000 bekendgestel het, geskryf. Die liedjie is: “With arms wide open.” Tydens hulle toer het Scott die goeie nuus gekry dat hy pa gaan word. Toe skryf hy hierdie woorde wat alles opsom oor hoe hy voel. In die eerste deel van die liedjie skryf hy die volgende woorde:

Well, I just heard the news today / It seems my life is going to change
I closed my eyes, begin to pray / Then tears of joy stream down my face
With arms wide open under the sunlight / Welcome to this place, I'll show you everything
With arms wide open

Hierdie woorde laat ons dink aan ons Hemelse Vader en hoe sy arms wyd oop is om ons te ontvang as ons Hemelse Pappa, en hoe die Here vir ons ook alles wil wys en die beste vir ons wil hê. Die Here wil nie net hier op aarde die beste vir ons gee nie, maar wil hê dat ons vir ewig saam met Hom moet woon, ook wanneer Christus weer kom. Dan sal ons eers regtig kan ervaar hoe dit voel om ‘n lewe met niks hartseer, niks pyn, en niks trane te hê nie.

Lees: Openbaring 7:9-17

Gesels:

- Watter woorde in hierdie teks sê vir jou iets van wie God is?
- Aan watter ander Bybelverhale kan julle dink waar die woorde: “With arms wide open” vir julle uitstaan?
- Wanneer in jou lewe het jy al die Here se arms om jou ervaar?

Bid: Here, dankie dat u arms altyd oop is - gereed om ons te vang, te omhels, te vertroos en met soveel liefde te lei. Amen

Doen: Luister saam na die liedjie van Creed: “With arms wide open”: https://www.youtube.com/watch?v=99j0zLuNhi8

Luister hierdie week na nog oordenkings oor **Jesus se arms van beskerming** op die **DinkJeug Familie App**.

Laai die app gratis hier af:

Google Play: https://play.google.com/store/apps/details?id=com.dinkjeug.dinkjeugapp&hl=en
Apple iStore: https://apps.apple.com/za/app/dinkjeug-families/id1504077715

Vir meer hulpmiddels om jou hele bediening weekliks met dieselfde teksgedeelte te belyn, besoek NOUS by www.nous.org.za